# Eenheid 2.1 Heelgetalle

## Hoofrekene


1 Tel vorentoe en agtertoe tussen 0 en 10 000 in:

- a 2e van enige ewe getal af
- b 2e van enige onewe getal af
- c 3e van enige getal af
- d 5e van enige getal af
- e 10e van enige getal af
- f 25s van enige getal af
- g 50s van enige getal af
- h 100e van enige getal af


2 Skryf die volgende 5-syfer getalle in dalende en stygende orde:
89 671; 87 692; 86 793; 89 764; 87 965; 86 976

## Lees, skryf en voorstelling van 5-syfer heelgetalle

In Graad 4 het jy met tot 4-syfer heelgetalle gewerk. Dit beteken met al die getalle links van punt B op getallelyn AB.




Getallelyn AB is slegs 'n klein gedeelte van getallelyn AM hieronder.




Wanneer jy met 5-syfer heelgetalle werk, werk jy met al die getalle links van M, wat tien keer meer getalle is as op getallelyn AB.

### Doen 'n voorbeeld


Ons kan die volgende getalle op die getallelyn vind:

15 000 lê tussen B en C; 32 500 lê tussen D en E;
65 730 lê tussen G en H; 96 857 lê tussen L en M.

Ons kan hierdie getalle in woorde skryf:


15 000: vyftienduisend
32 500: twee-en-dertigduisend vyfhonderd
65 730: vyf-en-sestigduisend sewehonderd en dertig
96 857: ses-en-negentigduisend aghonderd sewe-en-vyftig


Ons kan hierdie getalle op 'n abakus voorstel. Elke abakus het vyf stawe nodig.




Aktiwiteit 1

Kyk na die tekeninge P, Q, R en S hieronder.





1 Skryf die getal wat deur elke tekening voorgestel word, in syfers neer.
2 Skryf die getal wat deur elke tekening voorgestel word, in woorde neer.
3 Watter een van die tekeninge stel 'n ewe getal voor?

## Lees, skryf en voorstelling van 6-syfer heelgetalle

Getallelyn AB op die vorige bladsy is 'n baie klein gedeelte van die getallelyn AZ hieronder.




Wanneer jy met 6-syfer heelgetalle werk, werk jy met al die getalle links van Z, wat 'n honderd keer meer getalle is as op getallelyn AB.



KWARTAAL 2